# Omgeegroepgids

NG ELDORAIGNE FAMILIEKERK
Familie met 'n missie

**9 Maart 2025**

## Van Jesus se voete na ons hart. Matt 5:17-20

Wanneer ons aan die wet dink, sien ons dit dikwels as 'n stel reëls wat ons moet nakom. Die Fariseërs en skrifgeleerdes van Jesus se tyd het dit presies so verstaan. Maar Jesus bring 'n nuwe perspektief, Hy het nie gekom om die wet te vernietig nie, maar om dit te vervul en sy volle betekenis te gee. Hierdie Bybelstudie help ons om te verstaan hoe Jesus die wet vervul en hoe dit ons lewens raak.

**1. Die wet as 'n gebreekte spieël**

Veronderstel jy het 'n antieke spieël uit die 1800s. Die spieël gaan waarskynlik gekraak wees. Wanneer jy in die spieël kyk, sien jy 'n verwronge beeld van jouself. Hierdie beeld van 'n spieël kan gebruik word om die Jode se siening van die wet te verduidelik. Hulle het slegs 'n gedeeltelike, gebreekte weergawe van God se wil gesien. Hy kom herstel die spieël, sodat ons duideliker kan sien wat God se hart vir ons is. Dit wys vir ons dat geregtigheid nie net uiterlike wetsonderhouding is nie, maar 'n hartsaak.

**2. Jesus se herinterpretasie van die wet**

Jesus neem sekere wette en wys hoe dit oor iets dieper gaanas bloot die uiterlike uitleef daarvan:

- **Moord**: Die wet sê dat ons nie mag moord pleeg nie. Jesus herinterpreteer die wet en wys daarop dat dit nie net oor iemand doodmaak gaan nie, maar oor woede en haat in jou hart. Dus as jy met woede en haat in jou hart rondloop, is jy ook skuldig aan die wet. Dus is dit God se hart dat ons nie met haat en woede in ons harte rondloop nie.
- **Egbreuk**: Die wet sê jy mag nie egbreek pleeg nie. Jesus herinterpreteer die wet deur daarop te wys dat dit nie net oor fisiese ontrouheid gaan nie. Selfs al kyk jy met begeerte na 'n ander vrou, het jy die wet alreeds oortree. Dus gaan dit oor iets baie dieper as dit. Dit gaan oor respek en ware liefde vir jou huweliksmaat.
- **Waarheidspreking**: Jesus wil ons leer dat ons ja ons ja behoort te wees en ons nee ons nee. Dit behoort nie nodig tee es om 'n eed af te lê nie. Dus wil God hê dat ons 'n eerlike en opregte lewe moet leef, een waar integriteit die norm is. Dit gaan nie net oor nie jok nie, maar om altyd opreg en eerlik te wees.

**3. Die wet as God se hart vir ons lewens**

Jesus wys dat die wet nie bloot wette en reëls is nie, maar 'n weerspieëling van God se liefde, geregtigheid en heiligheid. Hy nooi ons om vanuit 'n veranderde hart te leef, nie net 'n uiterlike nakoming van reëls nie.

### Dink oor die volgende na

1. Hoe help die beeld van die gebreekte spieël jou om die wet beter te verstaan?
2. Watter areas van jou lewe word deur Jesus se herinterpretasie van die wet uitgedaag?
3. Hoe verskil Jesus se siening van geregtigheid van die Fariseërs s'n?
4. Op watter praktiese manier kan jy hierdie beginsels in jou daaglikse lewe uitleef?